

Tegniese kunsgeskiedenis: Die eerste ondersoek van die apartheid kunstenaar, Lucky Sibiya (1942–1999)

S le Roux, M Loubser

Skool van die Kunste, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika

Korresponderende outeur: Salomé le Roux **E-pos:** salome@arte.co.za

Technical art history: The first examination of the apartheid artist, Lucky Sibiya (1942–1999): This research aimed to achieve an understanding of the materials and techniques used by the artist Lucky Sibiya when he created his carved and painted wood panel artworks. The research examined and documented the artworks through a combination of historical, visual and analytical techniques: provenance studies, visual examination, technical photography, X-ray fluorescence and Fourier-transform infrared spectroscopy.

Die navorsing se doelwit is om 'n begrip van die materiaal en tegniese bekwaamheid van die kunstenaar, Lucky Sibiya, se gekerfde en geveerde houtpaneelkunswerke te verkry. 'n Ondersoek na die kunstenaar se materiale en tegnieke is van groot belang, want sy skeppings is verteenwoordig in verskeie institusionele, korporatiewe en private versamelings – insluitend die Universiteit van Pretoria (UP). Sy gekerfde en geveerde houtpaneelkunswerke bereik ook die ouderdom (minstens 20 jaar oud, aangesien 2019 die twintigste herdenking van die kunstenaar se afsterwe was) waar ingryping moontlik nodig sal wees. Die kunswerke sal binnekort bewaring en restourasie vereis, veral indien dit nie volgens goeie bewaringstoestande en -standaarde geberg en vertoon word nie. Die studie het op drie kunswerke gefokus – al drie is in die UP-Kunsversameling. Vir beste-praktykbewaring en -restourasie is diepgaande kennis en studie van die materiaal en tegniese aspekte van 'n kunswerk nodig. Ten einde 'n diepgaande kennis van die wesentlikheid van Sibiya se gekerfde en geveerde houtpaneelkunswerke te verkry, het die opname beoog om deur die kombinasie van verskeie historiese, visuele en analitiese tegnieke, kunswerke met onbetwisbare herkoms te ondersoek en te dokumenteer. Die analitiese tegnieke wat gebruik is, is gewild in kunserfenisbewaring, omdat dit nie-indringend en nie-vernietigend is. Dit sluit in herkomsstudies (Cycleback 2017), visuele ondersoek (Southeastern Registrars Association 2015), tegniese fotografie (Frey et al. 2008), X-straalfluoresensie (Bezur, Loubser & Trentelman 2020) en Fourier-transformasie-infrarooispektroskopie (Derrick, Stulik & Landry 2000). Die materiale en tegnieke wat Sibiya gebruik het, is deur die navorsing blootgelê. Sibiya het gevonde houtvoorwerpe – byvoorbeeld kante van kaste, Afrika beddens, stoelpote en houtpanele – as basisse gebruik (Ogilvie & Graff 1988). Die infrarooifotografie, wat deel vorm van die tegniese fotografie, het geen voorskotse of beplanning ontbloot nie, en in die ultravioletfotografie het die gips en kryt, wat Sibiya in sy verf ingemeng het, 'n witterlige, ligte blou fluoressensie onthul. Beitelmerke wat waargeneem is, het onderskeidelik 2, 3, 4, 7 en 10 mm gemeet. Sibiya het verfkwaste, verfrillers en sponse gebruik. Die verskillende lae verve kon tot 'n groot mate vasgestel word, en Sibiya se pigmentkeuses was hoofsaaklik kadmiumrooi, pruisiese blou, titaniumwit, oksiedes van yster en mangaan (antieke pigmente van oker en sienna), ysterswart, en marsswart. Die drie kunswerke het geen vernislaag nie, en die bindingsmedium is olie. Hierdie aspekte van die materiale en tegnieke gaan die bewaringstoestande en -standaarde voorskryf. Dus, sal hierdie kennis gebruik word om hierdie deel van die Suid-Afrikaanse kunserfenis te beskerm en te bewaar.

Verwysings

- Bezur, A., Lee, L., Loubser, M., et al., 2020, Handheld XRF in cultural heritage: A practical workbook for conservators. Getty Conservation Institute, Los Angeles.
Cycleback, D., 2017, Authenticating art and artifacts: An introduction to methods and issues. Hamerweit Books, [SI].
Derrick, M.R., Stulik, D., Landry, J.M., 2000, Infrared spectroscopy in conservation science. Getty Publications, Los Angeles.
Frey, F., Heller, D., Kushel, D., et al., 2008, The AIC guide to digital photography and conservation documentation, edited by J Warda, 3rd ed. The American Institute for Conservation of Historic and Artistic Works, Washington, DC.
Ogilvie, G., Graff, C., 1988, The Dictionary of South African Painters and Sculptors, Including Namibia. Everard Read, Johannesburg.
Southeastern Registrars Association, 2015, Basic Condition Reporting: A Handbook, edited by D.R. van Horn, H. Culligan & C. Midgett, 4th ed. Rowman & Littlefield, Lanham.

Nota: 'n Seleksie van referaatopsommings: Studentesimposium in die Natuurwetenskappe, 23-24 Oktober 2023, Universiteit van Pretoria. Reëlingskomitee: Prof Rudi Pretorius (Departement Geografie, Universiteit van Suid-Afrika); Dr Hertzog Bisset (Suid-Afrikaanse Kernenergie-korporasie); Dr Jean van Laar (Sentrum vir Navorsing en Voortgesette Ingenieursontwikkeling, Noordwes-Universiteit); Prof Marilé Landman, Dr Danie Pienaar en Dr Frikkie Malan (Departement Chemie, Universiteit van Pretoria); Mnr JW Hurter (Departement Plant- en Grondwetenskappe, Universiteit van Pretoria).